INTERVARSITYLIEDJIES

1944



UNIVERSITEITSLIED

Dis bekend dat in ons land
Van die Kaap tot Delgo' strand,
Viktoriane oral is te vind.
In hul wandel, werk en spel
Munt hul uit — dit weet ons wel —
En is almal goed en vriendelik gesind.
Daar's g'n hoërskool in ons land
Vir die brein, die oog, die hand,
Soos ons ou Alma Mater heg gebou,
In die dorp wat Van der Stel
Hier gestig het goed en wel,
Wat die Eerst'rivier se walle sier tot nou.

Kreet: —
Rom! Rom! Rom!
Stellenbosch kom!
Gemmasessa wa i!
Moerani joti sa i!
Ghemelaja! Ghemelaja! Wha! Wha! Wha!
Ghemelaja! Ghemelaja! Wha! Wha! Wha!
Stellenbosch!!

DIE BESEM

Die besem, die besem,
Wat maak ons daarmee? Wat maak *ons daarmee?*
Ons vee daarmee, ons vee daarmee,
Die Apies in die see.

Herhaal.

Broom-swiep! Broom-swiep!
Apie-dust! Apie-dust! Apie-dust!

Fluit
Klap!

SOPIE

Drink maar nog 'n sopie,
Lekker, Lekker sopie
Van ons soete Matie-stropie,
Jy ken mos sy smakie goed,
Of hoe sê ek Apieboet,
Hy versterk en gee weer moed
Om die knoppie
Wat jul hier vandag sal kry
Om die knoppie
Te probeer vermy.

Apies, ons kry jul jammer, jammer, jammer,
Hard sal ons jul nie hammer, hammer, hammer,
Ons wil nie hê nie
Julle moet bly lê nie,
Apies, ons kry jul jammer!

AAN DIE BRAND

Aan die brand!
Ja nee, ons spanne is net moeilik aan die brand,
Jul sal nog uitvind hoe moeilik,
Daar is een, twee, drie, vier spanne wat speel
En vir Apies maar weer net een te veel.
Oor die wal
Met al die Apies se spanne,
Kyk hul is nou reeds al flou.
Soos jul weet is daar net een span
Wat vir Apies altyd pyp kan
Dis ons Maties aan die brand!

M.A.T.I.E.

M.A.T.I.E. spells Matie
That's the team that always plays the game.
A forward or a back
A wing or a half,
We like a little joke
And we like a little laugh.
But when the game is over
And we all go home to spree,
Oh! it's nice to remember
From January to December
You're an M.A.T.I.E.

VOETBALFAAM

Uit Stellenbosch het Voetbalfaam
Die wêreld oor versprei,
Dis Apieland se grootste wrok
Dat hul moet agterbly.
Want elke jaar kom hul maar weer
Dieselfde ding probeer,
Om Stellenbosch se Voetbalspan
Tog eenkeer klein te kry.

Intervarsity is hier,
Die Maties is gebier,
Die eerstespan soos elke span
Is Apieland se tier.
Want hul is aan verloor,
Ou Mark se span loop voor,
Van elke kant kom Matieland
Die groot oorwinning vier!

KOMAAN

Komaan! Maties, jul vyand is hier.
Manne van staal sal die uitslag bepaal
En die Maties sal weer seëvier.

Kom sing hierdie lied tesame
Matieland, ons sal trou bly aan jou.
Ons sal veg om jou naam te handhaaf;
In die stryd kan jy steeds op ons bou.

MATIE SE PEPER

Matie se peper, sterk al te waar,
Apie, pasop, jy raas en baljaar,
Eenmaal net proe dan word jy al naar,
Maar jy gaan proe nog lekker vanjaar.

Apie, plat word jy vandag gemol,
Apie!
Apie, hier gaan van jou trane rol,
Apie!
Apie, jy sit lelik in die knou,
Apie, kyk hoe lyk jy, kyk hoe lyk jy nou,
Apie, Matie het jou in sy klou,
Apie, kyk hoe lyk jy, kyk hoe lyk jy nou!

ROM-ROM

Aaps, beny ons Matie glorie, glorie,
Maar dis weer die ou, ou storie, storie,
En daars geen assimilasie, -lasie,
Met ons lekker Matie nasie, nasie.

Koor: —
Dames: Rom, rom, rom, rom,
Hier kom die Maties.

Mans: Gemmasessa wa i,
Gemmasessa wa i.

Dames: Rom, rom, rom, rom,
Hier kom die Maties.

Mans: Gemmasessa wa i,
A—pies!

Almal: O jul moet nie huil nie man,
Wa la la,
Ha ha ha,
O wil jul nie ruil nie man,
Ha ha ha ha ha!

Apie, man jou hartjie breek nou, breek nou,
Aapspan laat jou in die steek nou, steek nou.
Rugbyspeel en daarby sing-song, sing-song,
Moet jy maar laat staan vir ping-pong, ping-pong.

Herhaal Koor.

APIEBOET

Jy probeer Rugby speel, Apieboet!
Maar dit kan ons nie skeel, Apieboet!
Julle spel is maar laf,
Ons gaan lekker oor jul draf,
Matieland bly maar tog steeds jul baas.
Baas! Baas!
Wat weet jy tog van wen, Apieboet!
Jy wat net neerlaag ken, Apieboet!
Weerstand kan jy tog nie bied;
Sing dan maar jou afkloplied!
Matieland! altyd bo! Matieland!

WAAROM OU APIE

Waarom ou Apie kom jy hierheen?
Jy weet mos goed, man,
Dat jy met Matie nie kan stry.
Vermy dan liewers die kastyding,
Sorg as jy tuiskom dat jy daar bly,
Want....

Koor: —
Dames: Dis waar,
Dis jammer, jammer, hoor,
Dat Maties tog nie kan verloor.

Almal: Draai jou bakkies liewer weg
Ou Apie, jy lyk naar en sleg.

Dames: Gaan t'rug, loop sê vir jou mamma
Jy kan die smart nie langer dra.

Almal: Maties is en bly jul bo,
Dis waar, dis waar,
Jy moet dit glo.

Herhaal Koor.

ALBASTERS, PING-PONG

Albasters, ping-pong, want to sell
Is al wat die Apies ken,
Maar Voetbal, Sang en Atletiek,
Daar sit hul vasgeknel.
Die Maties is net andersom,
Dis korswil, sang en spel.
Die Maties loop die Apies plat
En die Apies weet dit wel.

Maar ou Apie!
Groot-Schuur japie!
Vandag is julle gort weer gaar,
Ons ruk en pluk julle hot en haar.
Ou Apie,
Ja, die Maties loop jul kaf
En Dawid, Dollie, Peet en Ko.
Druk drieë op 'n draf.

11/ 12

UMPA

From our village green and leafy
Come our sportsmen strong and beefy,
Ta, da, da-da-da-da-da-da,
Umpa, Umpa, Umpa, Umpa.
From the slopes of Table Mountain
Came some Aaps who thought they'd wipe them,
Ta, da, da-da-da-da-da-da,
Umpa, Umpa, Umpa, Umpa.
They all speak a Simian lingo,
But we'll swipe them, oh by jingo!
So dear old Aaps,
Just a bit of good advice.

Oh, by gee, by gosh, by gum, by jove!
Oh by jingo, Aaps you'll have to move!
Oh by jove, you'll get it hot
If you try to put on pot.
We'll knock your billycock hats to nothing
And we'll make you eat the stuffing.
By jingo! Yes by gosh, by gee!
By jiminy, just you wait and see
And we'll all go away singing
Oh by gee, by gosh, by gum, by jingo, by jingo!
By gee! What an Intervarsity!

DIS INTERVARSITY

Het jul van die Matie-span al ooit gehoor?
Die span wat tweemaal nie verloor.
Die Aaps het daar wel ondervinding van
Hoe ons Maties hul wen in die spel.
Apies! Apies!
Apies, ons is weer hier,
Ons manne het die gier,
Ons manne het die gier,
Die Maties wen Intervarsity,
Die Matie wen, Maties wen Intervarsity.

APIE-GEBROU

Ou Apie wat is dit dan nou
Met al jou geraas en gebrou,
Jul kom tog maar weer te verloor
Of is dit om ons aan te hoor.
Jul lyk nou alreeds so benoud
En die Maties hul kyk jul koel en koud.
Jul sal die ou Maties beny
Dat jul nogeens ou Aaps moet agterbly.

Kreet: —
Skimmelaya Wa!
Skimmelaya Wa!
Maties, sa!
Apies, ga!
Voetsêk!

P.E.D., St'bosch—464—1,600—21/4/44.